(4) In a ship with a superstructure of standard height which extends over the whole length of the freeboard deck, the sheer shall be measured at the superstructure deck; where the height exceeds the standard, the sheer may be considered in relation to the standard height.

(5) Where a superstructure is intact or has access openings in its enclosing bulkheads fitted with Class 1 closing appliances and the superstructure deck has at least the same sheer as the exposed freeboard deck, the sheer of the enclosed portion of the freeboard deck shall not be taken into account.

109. Standard Sheer Profile

The ordinates (in inches) of the standard sheer profile are given in the following Table:

Station.	Ordinate.	Factor.
A.P.	·1 L + 10	1
$\frac{1}{6}$L from A.P.	·0445 L + 4·45	4
$\frac{1}{3}$L from A.P.	·011 L + 1·1	2
Amidships	0	4
$\frac{1}{3}$L from F.P.	·022 L + 2·2	2
$\frac{1}{6}$L from F.P.	·089 L + 8·9	4
F.P.	·2 L + 20	1

A.P. = After end of summer load waterline.
F.P. = Fore end of summer load waterline.

110. Measurement of Variations from Standard Sheer Profile

(1) Where the sheer profile differs from the standard, the seven ordinates of each profile shall be multiplied by the appropriate factors given in the table of ordinates. The difference between the sums of the respective products, divided by 18, measures the deficiency or excess of sheer.

(2) Where the after half of the sheer profile is greater than the standard and the forward half is less than the standard, no credit shall be allowed for the part in excess.

(3) Where the forward half of the sheer profile exceeds the standard, and the after portion of the sheer profile is not less than 75 per cent of the standard, credit shall be allowed for the part in excess; where the after part is less than 50 per cent of the standard, no credit shall be given for the excess sheer forward. Where the after sheer

maat nie. Wanneer die agterste seeg tussen 50 persent en 75 persent van die standaard lê, kan 'n tussenliggende korreksie vir die voorste seegoormaat toegestaan word.

111. Korreksie vir Afwyking van die Standaardseeglyn

Die korreksie vir seeg is die seegtekort of -oormaat soos bepaal ooreenkomstig regulasie 110 vermenigvuldig met $.75 - \frac{S}{2L}$ waarby S die totale lengte van die bobou is.

112. Byvoeging vir Tekort aan Seeg

Wanneer die seeg minder as die standaard is, word die korreksie vir seegtekort soos bepaal ooreenkomstig regulasie 111, by die vryboord gevoeg.

113. Aftrekking vir Oormaat van Seeg

In die geval van 'n gladdedekskip en 'n skip waar 'n ingeslote bobou .1L voor en .1L agter die middel van die skip beslaan, word die korreksie vir seegoormaat soos bepaal ooreenkomstig regulasie 111, van die vryboord afgetrek; in die geval van 'n skip met 'n vrystaande bobou wat geen ingeslote bobou midskeeps het nie, word niks van die vryboord afgetrek nie; wanneer 'n ingeslote bobou minder as .1L voor en .1L agter die middel van die skip beslaan, word die aftrekking deur interpolasie verkry. Die maksimum aftrekking vir seegoormaat is $1\frac{1}{2}$ duim per 100 voet skeepslengte en neem toe met $1\frac{1}{2}$ duim vir elke vermeerdering van 100 voet in die lengte van die skip.

DWARSBALKRONDING

114. Standaarddwarsbalkronding

Die standaarddwarsbalkronding van die vryboorddek is een vyftigste van die skeepsbreedte.

115. Korreksie vir Dwarsbalkronding

Wanneer die dwarsbalkronding van die vryboorddek groter of kleiner is as die standaard, word die vryboord onderskeidelik verklein of vergroot met 'n kwart van die verskil tussen die werklike en die standaarddwarsbalkronding, vermenigvuldig met die breuk van die lengte van die vryboorddek wat nie deur 'n ingeslote bobou bedek is nie. Tweemaal die standaarddwarsbalkronding is die maksimum waarvoor aftrekking toegestaan mag word.

MINIMUM VRYBOORDE

116. Somervryboord

Die minimum vryboord in die somer is die vryboord verkry uit die vryboordtabel wat in regulasie 121 verskyn nadat korreksies vir afwykings van die standaardgroottes en nadat aftrekking vir bobou ooreenkomstig hierdie Deel gemaak is, sodanig egter dat indien die vryboord bereken ooreenkomstig hierdie Deel maar voordat die korreksie in regulasie 121 (*e*) vereis gemaak is, minder as 2 duim is, 2 duim daarvoor in die plek gestel moet word.

117. Tropiese Vryboord

Die minimum vryboord in die tropiese vaargebied is die vryboord wat verkry word deur $\frac{1}{4}$ duim per voet van die

is between 50 per cent and 75 per cent of the standard, an intermediate allowance may be granted for excess sheer forward.

111. Correction for Variation from Standard Sheer Profile

The correction for sheer shall be the deficiency or excess of sheer determined in accordance with regulation 110, multiplied by $.75 - \frac{S}{2L}$ where S is the total length of superstructure.

112. Addition for Deficiency of Sheer

Where the sheer is less than the standard, the correction for deficiency in sheer, determined in accordance with regulation 111, shall be added to the freeboard.

113. Deduction for Excess Sheer

In a flush deck ship and in a ship where an enclosed superstructure covers .1L before and .1L abaft amidships, the correction for excess of sheer determined in accordance with regulation 111, shall be deducted from the freeboard; in a ship with detached superstructures, where no enclosed superstructure covers amidships, no deduction shall be made from the freeboard; where an enclosed superstructure covers less than .1L before and .1L abaft amidships, the deduction shall be obtained by interpolation. The maximum deduction for excess sheer shall be $1\frac{1}{2}$ inches at 100 feet length of ship and shall increase at the rate of $1\frac{1}{2}$ inches for each additional 100 feet in the length of the ship.

ROUND OF BEAM

114. Standard Round of Beam

The standard round of beam of the freeboard deck is one-fiftieth of the breadth of the ship.

115. Round of Beam Correction

Where the round of beam of the freeboard deck is greater or less than the standard, the freeboard shall be decreased or increased respectively by one-fourth of the difference between the actual and the standard round of beam, multiplied by the proportion of the length of the freeboard deck not covered by enclosed superstructures. Twice the standard round of beam is the maximum for which allowance may be given.

MINIMUM FREEBOARDS

116. Summer Freeboard

The minimum freeboard in summer shall be the freeboard derived from the Freeboard Table set out in regulation 121 after corrections for departures from the standards and after deduction for superstructures in accordance with this Part, so, however, that if the freeboard, calculated in accordance with this Part but before the correction required by regulation 121 (*e*) is made, be less than 2 inches, 2 inches shall be substituted therefor.

117. Tropical Freeboard

The minimum freeboard in the Tropical Zone shall be the freeboard obtained by a deduction from the Summer

somerdiepgang gemeet vanaf die bokant van die kiel tot die middelpunt van die sirkel van die laslynmerk, af te trek van die Somervryboord, sodanig egter dat indien die vryboord bereken ooreenkomstig hierdie Deel maar voordat die korreksie in regulasie 121 (*e*) vereis gemaak is, minder as 2 duim is, 2 duim daarvoor in die plek gestel word.

118. Wintervryboord

Die minimum vryboord in die winter is die vryboord wat verkry word deur $\frac{1}{4}$ duim per voet van die somerdiepgang gemeet vanaf die bokant van die kiel tot die middelpunt van die sirkel van die laslynmerk, by die Somervryboord by te reken.

119. Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan

Die minimum Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan vir 'n skip met 'n lengte van hoogstens 330 voet, is die Wintervryboord plus 2 duim; vir 'n skip wat langer as 330 voet is, is die minimum Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan die Wintervryboord.

120. Vryboord in Soetwater

Die minimum vryboord in soetwater met 'n soortlike gewig gelyk aan 1, is die vryboord wat verkry word deur $\frac{\triangle}{40T}$ duim van die minimum vryboord in soutwater af te trek, waarby—

$\triangle$ = die waterverplasing in soutwater in tonne by die somerlaswaterlyn; en

T = tonne per duim indompeling in soutwater by die somerlaswaterlyn.

Wanneer die waterverplasing by die somerlaswaterlyn nie vasgestel kan word nie, moet die aftrekking 'n $\frac{1}{4}$ duim per voet van die somerdiepgang wees, gemeet van die bokant van die kiel tot die middelpunt van die sirkel van die laslynmerk.

121. Vryboordtabel

Die basiese minimum Somervryboord vir 'n skip wat aan die standaarde voldoen wat in hierdie Deel voorgeskryf word, word volgens die onderstaande tabel bepaal.

freeboard of $\frac{1}{4}$ inch per foot of Summer draught measured from the top of the keel to the centre of the ring of the load line mark, so however that if the freeboard, calculated in accordance with this Part but before the correction required by regulation 121 (*e*) is made, be less than 2 inches, 2 inches shall be substituted therefor.

118. Winter Freeboard

The minimum freeboard in Winter shall be the freeboard obtained by an addition to the Summer freeboard of $\frac{1}{4}$ inch per foot of Summer draught, measured from the top of the keel to the centre of the ring of the load line mark.

119. Winter North Atlantic Freeboard

The minimum Winer North Atlantic freeboard for a ship not exceeding 330 feet in length shall be the Winter freeboard plus 2 inches; for a ship over 330 feet in length the minimum Winter North Atlantic Freeboard shall be the Winter freeboard.

120. Fresh Water Freeboard

The minimum freeboard in fresh water of unit density shall be the freeboard obtained by deducting from the minimum freeboard in salt water $\frac{\triangle}{40\,T}$ inches, where—

$\triangle$ = displacement in salt water in tons at the summer load waterline; and

T = tons per inch immersion in salt water at the summer load waterline.

Where the displacement at the summer load waterline cannot be certified, the deduction shall be $\frac{1}{4}$ inch per foot of summer draught measured from the top of the keel to the centre of the ring of the load line mark.

121. Freeboard Table

The basic minimum Summer freeboard for a ship which complies with the standards laid down in this Part shall be determined from the following table.

L.	Vryboord	L.	Vryboord	L.	Vryboord	L.	Vryboord	L.	Vryboord	L.	Vryboord
Voet	Duim	Voet	Duim	Voet	Duim	Voet	Duim	Voet	Duim	Voet	Duim
80	8·0	250	32·3	420	77·8	590	127·0	760	164·4	930	194·1
90	9·0	260	34·4	430	80·9	600	129·5	770	166·3	940	195·7
100	10·0	270	36·5	440	84·0	610	132·0	780	168·2	950	197·3
110	11·0	280	38·7	450	87·1	620	134·4	790	170·1	960	198·9
120	12·0	290	41·0	460	90·2	630	136·8	800	172·0	970	200·4
130	13·0	300	43·4	470	93·3	640	139·1	810	173·8	980	201·9
140	14·2	310	45·9	480	96·3	650	141·4	820	175·6	990	203·4
150	15·5	320	48·4	490	99·3	660	143·7	830	177·4	1,000	204·9
160	16·9	330	51·0	500	102·3	670	145·9	840	179·2		
170	18·3	340	53·7	510	105·2	680	148·1	850	180·9		
180	19·8	350	56·5	520	108·1	690	150·2	860	182·6		
190	21·4	360	59·4	530	110·9	700	152·3	870	184·3		
200	23·1	370	62·4	540	113·7	710	154·4	880	186·0		
210	24·8	380	65·4	550	116·4	720	156·4	890	187·7		
220	26·6	390	68·4	560	119·1	730	158·5	900	189·3		
230	28·5	400	71·5	570	121·8	740	160·5	910	190·9		
240	30·3	410	74·6	580	124·4	750	162·5	920	192·5		

L.	Freeboard	L.	Freeboard	L.	Freeboard	L.	Freeboard	L.	Freeboard	L.	Freeboard
Feet	Inches	Feet	Inches	Feet	Inches	Feet	Inches	Feet	Inches	Feet	Inches
80	8·0	250	32·3	420	77·8	590	127·0	760	164·4	930	194·1
90	9·0	260	34·4	430	80·9	600	129·5	770	166·3	940	195·7
100	10·0	270	36·5	440	84·0	610	132·0	780	168·2	950	197·3
110	11·0	280	38·7	450	87·1	620	134·4	790	170·1	960	198·9
120	12·0	290	41·0	460	90·2	630	136·8	800	172·0	970	200·4
130	13·0	300	43·4	470	93·3	640	139·1	810	173·8	980	201·9
140	14·2	310	45·9	480	96·3	650	141·4	820	175·6	990	203·4
150	15·5	320	48·4	490	99·3	660	143·7	830	177·4	1,000	204·9
160	16·9	330	51·0	500	102·3	670	145·9	840	179·2		
170	18·3	340	53·7	510	105·2	680	148·1	850	180·9		
180	19·8	350	56·5	520	108·1	690	150·2	860	182·6		
190	21·4	360	59·4	530	110·9	700	152·3	870	184·3		
200	23·1	370	62·4	540	113·7	710	154·4	880	186·0		
210	24·8	380	65·4	550	116·4	720	156·4	890	187·7		
220	26·6	390	68·4	560	119·1	730	158·5	900	189·3		
230	28·5	400	71·5	570	121·8	740	160·5	910	190·9		
240	30·3	410	74·6	580	124·4	750	162·5	920	192·5		

(*a*) Minimum vryboord vir 'n gladdedekskip word verkry deur by die waardes volgens bostaande tabel $1\frac{1}{2}$ duim per 100 voet lengte by te tel.

(*b*) Die vryboord by tussenliggende lengtes word deur interpolasie verkry.

(*c*) Wanneer c groter is as .68 word die vryboord vermenigvuldig met die faktor $\frac{c + .68}{1.36}$

(*d*) Wanneer D groter is as $\frac{L}{15}$ word die vryboord vermeerder met $\left(D - \frac{L}{15}\right)R$ duim, waar R gelyk is aan $\frac{L}{130}$ by lengtes van minder as 390 voet en 3 by lengtes van 390 voet of meer.

In 'n skip met 'n ingeslote bobou wat minstens .6L midskeeps beslaan, met 'n volledige skag, of met 'n samestelling van intakte gedeeltelike boboue en skag wat van voor tot agter deurloop, word, wanneer D kleiner is as $\frac{L}{15}$, die vryboord in bovermelde mate verklein. Wanneer die hoogte van die bobou of van die skag kleiner is as die standaardhoogte, soos ooreenkomstig regulasie 93 bepaal, word die vermindering gewysig in die verhouding van die werklike tot die standaardhoogte.

(*e*) Wanneer die werklike holte tot by die bovlak van die vryboorddek midskeeps groter of kleiner is as D, word die verskil (in duim) tussen hierdie twee holtes by die vryboord bygevoeg of daarvan afgetrek, na gelang van die geval.

HOOFSTUK IV: VRYBOORDE VIR SKEPE WAT DEKLADINGS HOUT VERVOER

122. Toewysing van Houtvaartvryboorde

Houtvaartvryboorde word toegewys aan 'n skip as die skip wat andersins geregtig is op die toewysing van vryboorde, voldoen aan hierdie Hoofstuk in die mate soos wat in sy geval vereis word.

AANVULLENDE VOORWAARDES VAN TOEWYSING

123. Bou

Die bou van die skip moet sterk genoeg wees vir die groter diepgang wat toegestaan word en vir die gewig van die dekvrag.

(*a*) The minimum freeboard for a flush deck ship shall be obtained by an addition to the above table at the rate of $1\frac{1}{2}$ inches for every 100 feet of length.

(*b*) The freeboards at intermediate lengths shall be obtained by interpolation.

(*c*) Where c exceeds .68, the freeboard shall be multiplied by the factor $\frac{c + .68}{1.36}$.

(*d*) Where D exceeds $\frac{L}{15}$ the freeboard shall be increased by $\left(D - \frac{L}{15}\right)R$ inches, where R is $\frac{L}{130}$ at lengths of less than 390 feet, and 3 at 390 feet length or above.

In a ship with an enclosed superstructure covering at least .6L amidships, or with a complete trunk, or with a combination of intact partial superstructures and trunk which extends all fore and aft, where D is less than $\frac{L}{15}$, the freeboard shall be reduced at the above rate. Where the height of superstructures or trunk is less than the standard height, as determined in accordance with regulation 93, the reduction shall be modified in the ratio which the actual height bears to the standard height.

(*e*) Where the actual depth to the surface of the freeboard deck amidships is greater or less than D, the difference between these two depths (in inches) shall be added to or deducted from the freeboard, as the case may be.

CHAPTER IV: FREEBOARDS FOR SHIPS CARRYING TIMBER DECK CARGOES

122. Assignment of Timber Freeboards

Timber freeboards shall be assigned to a ship if the ship, being otherwise entitled to have freeboards assigned to her, complies with this Chapter to the extent thereby required in her case.

SUPPLEMENTARY CONDITIONS OF ASSIGNMENT

123. Construction

The structure of the ship shall be of sufficient strength for the deeper draught allowed and for the weight of the deck cargo.

124. BOBOU

Die skip moet 'n voorkasteel hê van minstens standaardhoogte en 'n lengte van minstens 7 persent van die skeepslengte en daarbenewens 'n kampanje of 'n verhoogde agterdek met 'n staalkap of dekhuis wat agter aangebring is.

125. SKAGTE BO DIE MASJIENRUIM

Die skagte bo die masjienruim op die vryboorddek moet deur 'n bobou van minstens standaardhoogte beskerm word tensy hierdie skagte sterk en hoog genoeg is om die laai van hout langs hul sye toe te laat.

126. DUBBELBOOMTENKS

Wanneer dubbelboomtenks oor die middel van die helfte van die skeepslengte aangebring is, moet hulle toereikende langsskeepse indeling hê.

127. VERSKANSINGS

Die skip moet voorsien wees òf van vaste verskansings minstens 3 voet 3 duim hoog, waarvan die borand spesiaal verstyf is en wat gestut word deur sterk verskansingstutte aan die dek bevestig op die dwarste van die dekbalke en voorsien van die nodige waterafvoerpoorte, òf van deugdelike relingwerk van minstens 3 voet 3 duim hoog en van 'n besondere sterk konstruksie.

128. STUURINRIGTINGS

Die stuurinrigting moet op deugdelike wyse teen beskadiging deur die lading beskerm wees en, vir sover dit uitvoerbaar is, toeganklik wees. Doeltreffende voorsiening moet vir die stuur van die skip gemaak word vir die geval dat die hoofstuurinrigting beskadig word.

129. SJORRINGS

Oogplate vir sjorrings moet op afstande van hoogstens 10 voet aan die berghoutsgang geheg word waarby die afstand van 'n eindbeskot van 'n bobou tot by die eerste oogplaat hoogstens 6 voet 6 duim moet wees. Ekstra oogplate kan op die stringerplaat aangebring word.

BEREKENING VAN VRYBOORD

130. BEREKENING VAN VRYBOORD

(1) Wanneer die Toewysende Owerheid oortuig is dat die skip geskik is en dat die voorwaardes en die inrigtings minstens voldoen aan die voorgaande vereistes van hierdie Hoofstuk vir die vervoer van dekvragte hout, mag die Somervryboord soos bereken volgens die regulasies en tabelle in Hoofstuk III gewysig word om besondere houtvaartvryboorde te gee deur die onderstaande persentasies in die plek te stel van dié in regulasie 107.

124. SUPERSTRUCTURES

The ship shall have a forecastle of at least standard height and at least 7 per cent of the length of the ship, and, in addition, a poop, or a raised quarter-deck with a strong steel hood or deck house fitted aft.

125. MACHINERY CASINGS

Machinery casings on the freeboard deck shall be protected by a superstructure of at least standard height, unless the machinery casings are of sufficient strength and height to permit of the carriage of timber alongside.

126. DOUBLE BOTTOM TANKS

Double bottom tanks where fitted within the midship half length of the ship shall have adequate longitudinal sub-division.

127. BULWARKS

The ship shall be fitted either with permanent bulwarks at least 3 feet 3 inches high, specially stiffened on the upper edge and supported by strong bulwark stays attached to the deck in way of the beams and provided with necessary freeing ports, or with efficient rails at least 3 feet 3 inches high and of specially strong construction.

128. STEERING ARRANGEMENTS

Steering arrangements shall be effectively protected from damage by cargo, and, as far as practicable, shall be accessible. Efficient provision shall be made for steering in the event of a breakdown in the main steering arrangements.

129. LASHINGS

Eye-plates for lashings shall be attached to the sheerstrake at intervals of not more than 10 feet, the distance from an end bulkhead of a superstructure to the first eye-plate being not more than 6 feet 6 inches. Additional eye-plates may be fitted on the stringer plate.

COMPUTATION OF FREEBOARD

130. COMPUTATION OF FREEBOARD

(1) Where the Assigning Authority is satisfied that the ship is suitable and that the conditions and arrangements are at least equal to the foregoing requirements of this Chapter for the carriage of timber deck cargo, the Summer freeboard computed in accordance with the regulations and Tables in Chapter III may be modified to give special timber freeboards, by substituting the following percentages for those in regulation 107.

TOTALE EFFEKTIEWE LENGTE VAN BOSBOU (E).

	0	·1L.	·2L.	·3L.	·4L.	·5L.	·6L.	·7L.	·8L.	·9L.	1·0L.
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Alle Tipes	20	30·75	41·5	52·25	63	69·25	75·5	81·5	87·5	93·75	100

TOTAL EFFECTIVE LENGTH OF SUPERSTRUCTURES (E).

	0	·1L.	·2L.	·3L.	·4L.	·5L.	·6L.	·7L.	·8L.	·9L.	1·0L.
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
All types	20	30·75	41·5	52·25	63	69·25	75·5	81·5	87·5	93·75	100

(2) Die Wintervryboord vir die houtvaart word verkry deur een-derde van 'n duim per voet van die Somerhoutvaart diepgang tot die bokant van die kiel gemeet by die Somerhoutvaartvryboord te tel.

(3) Die Winterhoutvaartvryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan is dieselfde as dié van die Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan soos voorgeskryf in regulasie 119.

(4) Die Tropiese houtvaartvryboord word verkry deur 'n kwart duim per voet van die Somerhoutvaartdiepgang tot die bokant van die kiel gemeet van die Somerhoutvaartvryboord af te trek.

HOOFSTUK V: VRYBOORDE VIR TENKSKEPE

131. Toewysing van Vryboorde vir Tenkskepe

Tenkskipvryboorde word aan 'n tenkskip toegewys as dit aan die voorwaardes van toewysing in hierdie Deel voldoen en ook aan hierdie Hoofstuk voldoen in sover dit in sy geval vereis word.

AANVULLENDE VOORWAARDES VAN TOEWYSING

132. Bou van Tenkskip

Die bou van 'n tenkskip moet sterk genoeg wees vir die groter diepgang wat ooreenstem met die toegewysde vryboord.

133. Voorkasteel

'n Tenkskip moet 'n voorkasteel hê waarvan die lengte nie minder as 7 persent van die lengte van die tenkskip en die hoogte nie minder as die standaardhoogte is nie.

134. Skagte Bo die Masjienruim

Die openings in die skagte bo die masjienruim moet van staaldeure voorsien wees. Die skagte moet deur 'n ingeslote kampanje of brughuis van minstens die standaardhoogte of deur 'n dekhuis van gelyke hoogte en ooreenkomstige sterkte beskerm wees. Die beskotte aan die ente van hierdie bouwerke moet afmetings hê wat met dié van 'n frontbeskot van die brughuis ooreenkom. Alle ingange tot die bouwerke vanaf die vryboorddek moet van doeltreffende sluitingsmiddels voorsien wees en die drempels moet minstens 18 duim bo die dek wees. Blootgestelde skagte bo masjienruime op die boboudek moet sterk gebou wees en alle openings daarin moet voorsien wees van staalsluitingsmiddels wat blywend aan die skagte bevestig is en instaat is om aan albei kante gesluit en bevestig te word. Die drempels van hierdie openings moet minstens 15 duim bo die dek wees. Stookruimtelugrooster-openings moet so hoog bo die boboudek wees as wat redelik en prakties uitvoerbaar is en moet voorsien wees van sterk staaldeksels wat blywend op hul plek bevestig is: Met dien verstande dat in die geval van 'n plaaslike laslynskip, synde 'n tenkskip, wat nie later as 1 Januarie 1960 gebou is nie, die volgende inrigtings as gelykwaardig aanvaar mag word vir daardie gedeelte van hierdie regulasie wat betrekking het op skagte bo die masjienruim op die vryboorddek—

(*a*) skagte bo die masjienruim mag opgetrek word tot by die frontbeskot van die kampanje as daardie gedeelte van die beskot gebou is met afmetings soos in hierdie Deel vir frontbeskotte vir brughuise en kampanjes voorgeskryf, maar met verstywerspasiëring wat van 20 to 24 duim verminder is;

(*b*) 'n waterdigte deur mag in daardie gedeelte van die kampanjebeskot aangebring word om toegang tot die masjienruimte te verleen, op voorwaarde dat 'n

(2) The Winter Timber freeboard shall be obtained by adding to the Summer Timber freeboard one-third of an inch per foot of the moulded Summer Timber draught.

(3) The Winter North Atlantic Timber freeboards shall be identical with the Winter North Atlantic freeboards prescribed in regulation 119.

(4) The Tropical Timber freeboard shall be obtained by deducting from the Summer Timber freeboard one-quarter of an inch per foot of the moulded Summer Timber draught.

CHAPTER V: FREEBOARDS FOR TANKERS

131. Assignment of Tanker Freeboards

Tanker freeboards shall be assigned to a tanker if it complies with the Conditions of Assignment in this Part and also complies with this Chapter to the extent thereby required in her case.

SUPPLEMENTARY CONDITIONS OF ASSIGNMENT

132. Construction of Tanker

The structure of the tanker shall be of sufficient strength for the draught corresponding to the freeboard assigned.

133. Forecastle

The tanker shall have a forecastle of which the length is not less than 7 per cent of the length of the tanker and the height is not less than the standard height.

134. Machinery Casings

The openings in machinery casings on the freeboard deck shall be fitted with steel doors. The casings shall be protected by an enclosed poop or bridge of at least standard height or by a deck house of equal height and of equivalent strength. The bulkheads at the ends of these structures shall be of the scantlings required for bridge front bulkheads. All entrances to the structures from the freeboard deck shall be fitted with effective closing appliances and the sills shall be at least 18 inches above the deck. Exposed machinery casings on the superstructure deck shall be of substantial construction, and all openings in them shall be fitted with steel closing appliances permanently attached to the casings and capable of being closed and secured from both sides; the sills of such openings shall be at least 15 inches above the deck. Fiddley openings shall be as high above the superstructure deck as is reasonable and practicable and shall have strong steel covers permanently attached in their proper positions. Provided that in the case of a local load line ship, being a tanker, constructed not later than 1 January 1960, the following arrangements may be accepted as equivalent to that part of this regulation which relates to machinery casings on the freeboard deck—

(*a*) machinery casings may be carried to the poop front bulkhead if that part of the bulkhead is constructed of scantlings, as prescribed in this Part for bridges and poop front bulkheads but with stiffener spacing reduced from 30 inches to 24 inches;

(*b*) a watertight door may be fitted in that part of the poop bulkhead to give access to the machinery space on the condition that a steel corridor of

staalgang van 'n sterkte wat gelyk is aan die van die omkasting self agter die deur voorsien word; die gang moet ook 'n ander deur hê wat toegang tot die masjienruimte verleen;

(*c*) die drempel van die buitedeur moet minstens 24 duim hoog wees en die drempel van die binnedeur moet minstens 9 duim hoog wees;

(*d*) albei deure moet van staal wees en na buite oopgaan.

135. Loopbrug

'n Doeltreffend geboude permanente loopbrug van voldoende sterkte met die oog op sy blootgestelde posisie, moet voor en agter op die hoogte van die boboudek tussen die kampanje en die midskeepse brughuis en wanneer enige bemanningslede in die voorstewe gehuisves word, vanaf die brughuis na die voorkasteel, aangebring word, tensy ander gelykwaardige toegangsmiddels verskaf word om die doel van 'n loopbrug te dien soos gange onder die dek.

136. Beskerming van die Bemanning, Toegang tot Masjienruimte, ens.

Veilige en bevredigende toegang van die hoogte waarop die loopbrug aangebring is, na die bemanningskwartiere, die masjienruimte en na alle ander dele wat vir die nodige bediening van die skip gebruik word, moet te alle tye beskikbaar wees. Hierdie regulasie is nie van toepassing op pompkamers nie as daar vanaf die vryboorddek geskikte toegangsmiddels is en die toegangsopeninge voorsien is van sluitingsmiddels van klas 1.

137. Luikopenings

Alle luikopenings op die vryboorddek en op die dek van ekspansiekokers moet deur middel van deugdelike staalluike waterdig gesluit word.

138. Lugkokers

Lugkokers na ruimtes onder die vryboorddek moet van toereikende sterkte wees of moet deur boboue of ander ewe doeltreffende middels beskerm wees.

139. Waterafvoerreëlings

(1) 'n Tenkskip met verskansings moet oor minstens die halwe lengte van die blootgestelde deel van die oopdek van oopreëlings of van sodanige ander waterafvoerreëlings wat na die mening van die Toewysende Owerheid vir die afvoer van water van die dekke doeltreffend is, voorsien wees. Die boonste rand van die berghoutsgang moet so laag moontlik gehou word en oor die algemeen nie hoër as die boonste rand van die stringerhoekstaal nie.

(2) Waar boboue deur skagte verbind is, moet oop relings aangebring word oor die hele lengte van die vryboorddek wat aan wind en weer blootgestel is.

BEREKENING VAN VRYBOORD

140. Berekening van Vryboord

Wanneer die Toewysende Owerheid oortuig is dat aan die voorafgaande vereistes van hierdie Hoofstuk voldoen is, word vryboorde ooreenkomstig Hoofstuk III bereken, onderworpe aan die bepalings van regulasies 141 tot 143 en die vervanging van die tabel in regulasie 121 deur die tabel in regulasie 144: Met dien verstande egter dat geen byvoeging ingevolge regulasie 121 (*a*) ten opsigte van 'n gladdedektenkskip gemaak mag word nie.

equivalent strength to the casing itself is provided behind the door; the corridor shall also have another door giving access to the machinery space;

(*c*) the sill of the outer door shall be at least 24 inches in height and the sill of the inner door shall be at least 9 inches in height;

(*d*) both doors shall be of steel and shall open outwards.

135. Gangway

An efficiently constructed permanent gangway of sufficient strength for its exposed position shall be fitted fore and aft at the level of the superstructure deck between the poop and midship bridge, and when any of the crew are berthed forward, from the bridge to the forecastle, unless other equivalent means of access are provided to carry out the purpose of the gangway, such as passages below deck.

136. Protection of Crew, Access to Machinery Spaces, etc.

Safe and satisfactory access from the gangway level to the quarters of the crew, the machinery space and all other parts used in the necessary work of the ship, shall be available at all times. This regulation does not apply to pump rooms if suitable means of access are provided from the freeboard deck, and the access openings are fitted with Class 1 closing appliances.

137. Hatchways

All hatchways on the freeboard deck and on the deck of expansion trunks shall be closed watertight by efficient steel covers.

138. Ventilators

Ventilators to spaces below the freeboard deck shall be of ample strength or shall be protected by superstructures or by equally efficient means.

139. Freeing Arrangements

(1) A tanker with bulwarks shall have open rails fitted for at least half the length of the exposed portion of the weather deck or such other freeing arrangements as are in the opinion of the Assigning Authority effective for the purpose of freeing the decks of water. The upper edge of the sheerstrake shall be kept as low as practicable, and as a general rule shall not be higher than the upper edge of the gunwale bar.

(2) Where superstructures are connected by trunks, open rails shall be fitted for the whole length of the weather portions of the freeboard deck.

COMPUTATION OF FREEBOARD

140. Computation of Freeboard

Where the Assigning Authority is satisfied that the foregoing requirements of this Chapter are fulfilled, the freeboards shall be computed in accordance with Chapter III, subject to the provisions of regulations 141 to 143 and to the substitution of the Table contained in regulation 144 for the Table contained in regulation 121: Provided, however, that no addition shall be made under regulation 121 (*a*) in respect of a flush deck tanker.

141. Aftrekking vir Vrystaande Bobou

Wanneer die totale effektiewe lengte van 'n bobou minder as 1.0L is, is die aftrekking 'n persentasie van die aftrekking vir 'n bobou met 'n lengte van 1.0L wat uit onderstaande tabel verkry word:—

141. Deduction for Detached Superstructures

When a total effective length of superstructure is less than 1.0L the deduction shall be a percentage of the deduction for a superstructure of length 1.0L, obtained from the following table:—

Totale Effektiewe Lengte van Bobou.

	0	·1 L.	·2 L.	·3 L.	·4 L.	·5 L.	·6 L.	·7 L.	·8 L.	·9 L.	1·0 L.
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Alle Tipes	0	7	14	21	31	41	52	63	75·3	87·7	100

Total Effective Length of Superstructure.

	0	·1 L.	·2 L.	·3 L.	·4 L.	·5 L.	·6 L.	·7 L.	·8 L.	·9 L.	1·0 L.
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
ALL TYPES	0	7	14	21	31	41	52	63	75·3	87·7	100

142. Aftrekking vir Oormaat van Seeg

Wanneer die seeg groter as die standaard is, word die korreksie vir seegoormaat soos ingevolge regulasie 111 bepaal, van die vryboord van elke tenkskip afgetrek. Regulasie 113 is nie van toepassing nie behalwe dat die maksimum aftrekking vir seegoormaat 1½ duim per 100 voet tenkskiplengte is en toeneem met 1½ duim vir elke vermeerdering van 100 voet in die lengte van die tenkskip.

142. Deduction for Excess Sheer

Where the sheer is greater than the standard, the correction for excess sheer as determined under regulation 111 shall be deducted from the freeboard for every tanker. Regulation 113 shall not apply except that the maximum deduction for excess sheer shall be 1½ inches at 100 feet length of tanker and shall increase at the rate of 1½ inches for each additional 100 feet in the length of the tanker.

143. Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan

Die minimum Wintervryboord in die Noord-Atlantiese Oseaan is die Wintervryboord plus 'n byvoeging van 1 duim per 100 voet skeepslengte.

143. Winter North Atlantic Freeboard

The minimum Winter North Atlantic freeboard shall be the Winter freeboard plus an addition at the rate of 1 inch per 100 feet in length.

144. Vryboordtabel vir 'n Tenkskip

Die basiese minimum Somervryboord vir 'n tenkskip wat aan die standaarde voldoen wat in hierdie Deel voorgeskryf word, word volgens die onderstaande tabel bepaal.

144. Freeboard Table for a Tanker

The basic minimum Summer freeboard for a tanker which complies with the standards laid down in this Part, shall be determined from the following table:

L. in voet.	Vryboord in duim.	L. in voet.	Vryboord in duim.	L. in voet.	Vryboord in duim.	L. in voet.	Vryboord in duim.
190	21·5	400	62·5	610	110·3	820	142·3
200	23·1	410	64·9	620	112·2	830	143·5
210	24·7	420	67·4	630	114·0	840	144·7
220	26·3	430	69·9	640	115·8	850	145·8
230	28·0	440	72·5	650	117·6	860	146·9
240	29·7	450	75·1	660	119·3	870	148·0
250	31·5	460	77·7	670	121·0	880	149·1
260	33·3	470	80·2	680	122·6	890	150·1
270	35·2	480	82·7	690	124·2	900	151·1
280	37·1	490	85·1	700	125·8	910	152·1
290	39·1	500	87·5	710	127·3	920	153·1
300	41·1	510	89·8	720	128·8	930	154·1
310	43·1	520	92·1	730	130·3	940	155·1
320	45·1	530	94·3	740	131·8	950	156·1
330	47·1	540	96·5	750	133·2	960	157·1
340	49·2	550	98·6	760	134·6	970	158·0
350	51·3	560	100·7	770	135·9	980	158·9
360	53·5	570	102·7	780	137·2	990	159·8
370	55·7	580	104·6	790	138·5	1,000	160·7
380	57·9	590	106·5	800	139·8		
390	60·2	600	108·4	810	141·1		

Vryboorde by tussenliggende lengtes moet deur lineêre interpolasie verkry word.

L in feet.	Freeboard in inches.	L. in feet.	Freeboard in inches.	L. in feet.	Freeboard in inches.	L. in feet.	Freeboard in inches.
190	21·5	400	62·5	610	110·3	820	142·3
200	23·1	410	64·9	620	112·2	830	143·5
210	24·7	420	67·4	630	114·0	840	144·7
220	26·3	430	69·9	640	115·8	850	145·8
230	28·0	440	72·5	650	117·6	860	146·9
240	29·7	450	75·1	660	119·3	870	148·0
250	31·5	460	77·7	670	121·0	880	149·1
260	33·3	470	80·2	680	122·6	890	150·1
270	35·2	480	82·7	690	124·2	900	151·1
280	37·1	490	85·1	700	125·8	910	152·1
290	39·1	500	87·5	710	127·3	920	153·1
300	41·1	510	89·8	720	128·8	930	154·1
310	43·1	520	92·1	730	130·3	940	155·1
320	45·1	530	94·3	740	131·8	950	156·1
330	47·1	540	96·5	750	133·2	960	157·1
340	49·2	550	98·6	760	134·6	970	158·0
350	51·3	560	100·7	770	135·9	980	158·9
360	53·5	570	102·7	780	137·2	990	159·8
370	55·7	580	104·6	790	138·5	1,000	160·7
380	57·9	590	106·5	800	139·8		
390	60·2	600	108·4	810	141·1		

Freeboards at intermediate lengths shall be determined by linear interpolation.

HOOFSTUK VI: VRYBOORD VIR 'N SKIP VAN 'N BESONDERE TIPE

145. Bepaling vir 'n Skip van 'n Besondere Tipe

(1) In die geval van 'n skip van 'n besondere tipe met 'n lengte van meer as 300 voet waarvan die boukenmerke ooreenkoms toon met dié van 'n tenkskip waardeur, na die mening van die Owerheid, groter beveiliging teen die see verleen word, kan 'n vermindering van vryboord, bereken vir 'n skip kragtens Hoofstuk III, toegestaan word.

(2) Die mate van hierdie vermindering moet deur die Owerheid bepaal word met verwysing na die vryboord wat aan 'n tenkskip toegewys word met inagneming van die mate waarin die skip voldoen aan die voorwaardes van toewysing in hierdie Deel en aan die vereistes van Hoofstuk V en die mate van indeling wat in die skip verskaf is, maar die vryboorde wat aan so 'n skip toegewys word, mag in geen geval minder wees as die vryboord wat aan die skip as tenkskip toegewys sou word nie: Met dien verstande dat 'n skip wat erts vervoer 'n halwe van die vermindering van die toelating vir 'n tenkskip met dieselfde vryboordkenmerke toegestaan kan word, onderworpe aan onderstaande voorwaardes—

(*a*) 'n waterdigte oorlangse beskot moet van bak- tot stuurboord oor die ertsvragruime aangebring word, elkeen vanaf die middellynvlak van die skip op 'n afstand van hoogstens 30 persent van die midskeepse grootspantbreedte van die skip;

(*b*) waterdigte dwarsbeskotte moet in die kantafdelings voor die vragruime aangebring word op afstande van hoogstens $20 + \frac{L}{24}$ voet van mekaar;

(*c*) 'n dubbelboom moet onder die sentrale afdelings aangebring word, van 'n hoogte wat minstens gelyk is aan 'n hoogte wat deur die Toewysende Owerheid vasgestel word;

(*d*) die hoofvragluikopenings mag nie groter wees as wat vir die behoorlike werking van die skip en skeepvrag nodig is nie. Hulle moet in seksies gesluit word met waterdigte staalluike van 'n sterkte van 15 persent bo die sterkte wat kragtens hierdie Deel vereis word vir soortgelyke staalluike wat aangebring is in 'n skip wat met vryboorde ooreenkomstig Hoofstuk III gemerk is;

(*e*) as vleuelluikopenings aan die kant van afdelings aangebring is moet hulle klein wees, met goed ge-

CHAPTER VI: FREEBOARD FOR A SHIP OF SPECIAL TYPE

145. Provision for a Ship of Special Type

(1) In the case of a ship of special type over 300 feet in length possessing constructional features similar to those of a tanker which, in the opinion of the Authority afford extra invulnerability against the sea, a reduction in the freeboard computed for a ship under Chapter III may be granted.

(2) The amount of such reduction shall be determined by the Authority with reference to the freeboard assigned to a tanker, having regard to the extent to which the ship complies with the Conditions of Assignment in this Part and with the requirements of Chapter V and the degree of sub-division provided in the ship, but the freeboards assigned to such a ship shall in no case be less than the freeboard which would be assigned to her if she were a tanker:

Provided that an ore carrier may be allowed one half of the reduction of the allowance for a tanker of the same freeboard characteristics subject to the following conditions—

(*a*) a longitudinal watertight bulkhead shall be fitted port and starboard over the range of the ore cargo holds, each to be fitted from the centre line plane of the ship at a distance not greater than 30 per cent of the midship moulded breadth of the ship;

(*b*) transverse watertight bulkheads shall be fitted in the side compartments abreast the cargo holds spaced not more than $20 + \frac{L}{24}$ feet apart;

(*c*) a double bottom shall be fitted under the central compartments of a height at least equal to a height determined by the Assigning Authority;

(*d*) the main cargo hatchways shall not be larger than is necessary for the proper working of the ship and cargo. They shall be closed by watertight steel hatch covers in sections having a strength 15 per cent in excess of the strength required by this Part for similar steel hatch covers fitted in a ship marked with freeboards under Chapter III;

(*e*) if wing hatchways to the side compartments are fitted, they shall be small with well rounded cor-

ronde hoeke en van die tenkskiptipe. Ander dekopenings moet so geplaas word dat konsentrasie van spanning voorkom word;

(*f*) al die vereistes in hierdie Deel voorgeskryf in verband met die voorwaardes van toewysing van vryboord wat op 'n tenkskip met 'n tenkskipvryboord van toepassing is, moet nagekom word.

(3) Die volle vermindering van vryboord wat vir 'n tenkskip met dieselfde vryboordkenmerke toegestaan kan word, mag toegestaan word as, benewens die voorwaardes in subregulasie (2) gemeld, die sentrale vragafdeling deur waterdigte dwarsbeskotte so ingedeel is dat die vryboorddek nie onder water sal raak ingeval enigeen van die sentrale afdelings wat aldus gevorm is heeltemal met soutwater gevul sou word, by 'n veronderstelde deurdringbaarheid van 60 persent, wanneer die skip op die diepste toelaatbare diepgang in soutwater dryf.

DEEL IV

HOOFSTUK I: TOEPASSING

146. Toepassing van Deel IV

Hierdie Deel is op elke skip van toepassing.

HOOFSTUK II: VAARSONES, VAARGEBIEDE EN SEISOENSPERIODES

147. Vaarsones, Vaargebiede en Seisoensperiodes

(1) Die vaarsones, vaargebiede en seisoensperiodes wat op hierdie regulasies betrekking het, is in Aanhangsel 6 uiteengesit.

(2) 'n Skip moet voldoen aan die vereistes wat vir hom geld in die sones en vaargebiede in Aanhangsel 6 uiteengesit.

(3) 'n Hawe wat op die grens tussen twee sones of vaargebiede geleë is, word beskou as geleë synde binne die sone of vaargebied vanwaar die skip hom of waarheen hy vertrek.

HOOFSTUK III: EKWIVALENTE

148. Ekwivalente wat Toegelaat kan word

Waar in hierdie regulasies voorgeskryf word dat 'n bepaalde uitrusting, materiaal, toestel of apparaat of tipe daarvan op 'n skip aangebring of aan boord daarvan moet wees, of dat 'n bepaalde voorsiening gemaak moet word, kan die owerheid toelaat dat 'n ander uitrusting, materiaal, toestel of aparaat of tipe daarvan aangebring of aan boord gehou word of ander voorsiening gemaak word, mits hy oortuig is dat sodanige ander uitrusting, materiaal, toestel of apparaat of tipe daarvan, of voorsiening, minstens net so doeltreffend is as dié wat by hierdie regulasies voorgeskryf word.

AANHANGSEL 1
(Regulasies 6 en 8 (4))

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
(Republiekwapen)

DEPARTEMENT VAN VERVOER—MARINE-AFDELING
(Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig)

VERSLAG AANGAANDE LASLYNONDERSOEK

A. Besonderhede van Skip

Naam	Amptelike Nommer	Hawe waar geregistreer	Bruto tonnemaat	Gebou van:	*Internasionale/plaaslike laslynskip	Geklassifiseer deur

ners and of the tanker type. Other deck openings shall be so disposed as to avoid stress concentrations;

(*f*) all the requirements specified in this Part regarding the Conditions of Assignment of freeboard applicable to a tanker having a tanker freeboard shall be complied with.

(3) The full reduction of the freeboard which could be allowed for a tanker of the same freeboard characteristics may be allowed if, in addition to the conditions mentioned in subregulation (2) the central cargo compartment is so sub-divided by transverse watertight bulkheads that the freeboard deck would not be submerged in the event of any one of the central compartmnets so formed being completely filled with salt water, assuming a permeability of 60 per cent, with the ship floating at the deepest allowable draught in salt water.

PART IV

CHAPTER I: APPLICATION

146. Application of Part IV

This Part applies to every ship.

CHAPTER II: ZONES, AREAS AND SEASONAL PERIODS

147. Zones, Areas and Seasonal Periods

(1) The zones, areas and seasonal periods which relate to these regulations are set forth in Annex 6.

(2) A ship shall comply with the requirements applicable to it in the zone or area set forth in Annex 6.

(3) A port standing on the boundary lines between two zones or areas shall be regarded as within the zone or area from or into which the ship arrives or departs.

CHAPTER III: EQUIVALENTS

148. Equivalents which may be Allowed

Where these regulations require that a particular fitting, material, appliance or apparatus, or type thereof, shall be fitted or carried in a ship, or that any particular provision shall be made, the Authority may allow any other fitting, material, appliance or apparatus or type thereof to be fitted or carried or provision to be made, if he is satisfied that such other fitting, material, appliance or apparatus or type thereof, or provision, is at least as effective as that required by these regulations.

ANNEX. 1
(Regulations 6 and 8 (4))

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
(Coat of Arms)

DEPARTMENT OF TRANSPORT—MARINE DIVISION
(Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended)

REPORT OF LOAD LINE SURVEY

A. Particulars of Ship.

Name	Official No.	Port of registry	Gross tonnage	Constructed of:—	*International/local load line ship	Classed by

B. BESONDERHEDE AANGAANDE EIENAAR

Naam	Adres

C. OPNEMER SE VERKLARING

1. Ek verklaar hierby dat ek op.....

* (*a*) die ondersoek van bogenoemde skip vir die uitreiking/hernuwing van 'n internasionale laslynsertifikaat/plaaslike laslynsertifikaat;

* (*b*) die periodieke ondersoek van bogenoemde skip,

voltooi het.

2. Dit is gevind dat die skip aan die betrokke bepalings van die Laslynregulasies, 1968 voldoen het.

Datum..... Plek.....

.....
Handtekening van opnemer.

* Skrap watter ookal nie van toepassing is nie.

AANHANGSEL 2
(Regulasie 17)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
(Republiekwapen)

DEPARTEMENT VAN VERVOER—MARINE-AFDELING
(Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig)

INTERNASIONALE LASLYNSERTIFIKAAT (1966)

Uitgereik ingevolge die bepalings van die Internasionale Konvensie insake Laslyne, 1966 op gesag van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika deur—

.....

Naam van Skip	Onderskeidings-nommer of -letters	Hawe waar geregistreer	Lengte (L) soos omskryf in artikel 2 (8)

Vryboord toegewys as:
* 'n nuwe skip / 'n bestaande skip

Tipe skip:
* Tipe ‚A' / Tipe ‚B' / Tipe ‚B' met verminderde vryboord. / Tipe ‚B' met vermeerderde vryboord.

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

Vryboord vanaf deklyn	*Laslyn*
Tropies .....duim (T)	.....duim bo (S)
Somer .....duim (S)	Boonste rand van lyn deur middelpunt van sirkel.
Winter.....duim (W)	.....duim onder (S)
Winter Noord-Atlantiese Oseaan .....duim (WNA)	.....duim onder (S)
Houtvaart-tropies.....duim (HT)	.....duim bo (HS)
Houtvaart-somer .....duim (HS)	.....duim bo (S)
Huoutvaart-winter .....duim (HW)	.....duim onder (HS)
Houtvaart-winter Noord-Atlantiese Oseaan .....duim (HWNA)	.....duim onder (HS)

N.B.

